



Dordt-Nuus



Gemeenteblad Dordt Gereformeerde Kerke Orania en Alma (Los van GKSA) Oktober 2024

ORANIA

Eredienstye: Sondag: Oggend: 10:00. Somer: Aand: 18:00, winter 17:30.

Katkisasie: Sondag: 8:45

Posadres: Posbus 13, Orania 8752;

Kerkplek: CVO Skool Ouditorium Orania

Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 082 782 2985 & 076 052 4226 e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za

ALMA

Eredienstye: Sondag; oggend: 10:00

Katkisasie: Sondag: 12:00

Posadres: Posbus 62, Thabazimbi 0380

Kerkplek: Plaas Boekenhoutspoort Alma

Skriba & Attes. Skriba: oudl. Boeta Erasmus 079 099 6887 e-pos: erasmusboeta@gmail.com

Kassier: diaken Frans Voster 082 342 8637 & e-pos: dordtgereformeerdekerkalma@gmail.com

Skriffoordenking

Die Nuwe Exodus

Lees: Matt.2:13-23

In Mat.1:1 het ons gelees van die Genesis van Jesus. Daar is vir Christus geen veiligheid in Sy eie land nie. Die kindjie moet vlug. God vermaan Josef in 'n droom en hy vlug met die moeder en Kindjie na Egipte waat die tradisionele aardsvyand van sy volk bly (2:14). Ons sien hierin egter 'n wonderlike besikking van die Here. Jesus gaan dieselfde weg as Sy volk. Van ouds het eers Josef en daarna ook vader Jakob en al syne in Egipte vertoef (Gen.37:46). Die volk is uit Egipte geroep. So gebeur dit ook met Jesus. Daarom kan Matthéüs (met verwysing na Hosea 11:1: "Toe Israel 'n kind was, het Ek hom liefgehad, en uit Egipte het Ek my seun [Seun] geroep) die gebeure uitdruklik as Skrifvervulling aangemerkt (2:15).

Christus was die Koning wat Sy volk verlos (1:21). Nou moet die Verlosser self verlos word en juis so is Hy die Verlosser van Sy volk. In Christus word die profesie vervul. Noudat Christus uit Egipte geroep word, gebeur daar 'n werklike verlossing met Israel. Die werklike, finale exodus gaan nou plaasvind. Christus is die Hoof van die kerk (Ef.5:23). Wat met die Hoof gebeur het, het ook met die liggaam gebeur.

Deur ons val in Adam was ons in Egipte, in die dienshuis van die sonde en daar kom Christus ons haal. Paulus trek hierdie lyn deur. Toe Christus uit die dood opgestaan het, toe is almal wat in Hom begrepe was, uit die dood verlos (Ef.2:5,6: "[God het] ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus – uit genade is julle gered – en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus")

Uit Egipte het Ek My Seun geroep, beteken dat almal wat in Christus begrepe is, uit die sonde en die dood geroep is. Hoe word ons verlos? Deur te glo dat ons in Christus begrepe was toe Hy uit Egipte geroep is en toe Hy gesterf en opgestaan het.

* * * * *

Van die keerkraad se tafel

Gemeentelike samekoms: Die kerkraad het voorlopig besluit om Saterdag 30 November 'n gesellige byeenkoms te hou. Hou die datum asb in gedagte. Die versamelplek: Die woonplek van Gerrie en Karen Tomlinson.

* * * * *

Seënbede

ORANIA

Huweliksherdenking: Br. & sr. Kobus & Elsie Venter wat op 6 en br. en sr. Johan & Klein Van Vuuren wat 9 Oktober hulle huweliksluiting herdenk, word die Here se rykste seën op die jaar wat voorlê toegebid.

ALMA

Verjaarsdae: Mag klein Emma Erasmus wat 20 Oktober verjaar, ook in hierdie nuwensjaar die seën van die Here ryklik ervaar.

* * * * *

Lief en leed

ORANIA

Siekte: Br Gerd Ersamus was na 'n kardioloog in Bloemfontein. Hy het bevind dat die hartklop geweldig varieër. Dit veroorsaak die moegheid. Hy is nou onder medikasie om dit onder beheer te probeer bring.

ALMA

Brand: Ons slaan die afgelope drie dae vuur hier in ons vallei, en dit gaan rof. Die laaste vuur brand nog in die berg hier naby ons - ons sal dit more-oggend voordag kan bykom - voor die wind weer opstaan, as die Here wil. Ons almal is al moeg gebaklei. Mag die Here spoedig die vuur blus en julle van beserings bewaar asook julle beeste.

* * * * *

Hervorming

Op 14 Mei (1566) kom die Ryksdag byeen in die raadsaal van die prins-biskop se paleis. Op een punt van die saal sit Keiser Maximiliaan II, Keurvors van Beiere (1564-1576) op sy verhoog met raadgewers en sekretarisse aan sy sy. Aan die ander drie kante van die saal sit die prinse, elkeen omring deur sy belangrike manne. Die vise-kanselier tree na vore in die oop ruimte in die middel van die saal en begin om die keiserlike dokument in sy hand voor te lees.

In antwoord op die aanklagte teen die keurvors van die Palts – so begin die dokument – beskuldig sy majesteit hierdie keurvors daarvan dat hy godsdienstige nuwighede in die Palts ingevoer het deur 'n kategismus (Die Heidelbergse Kategismus in opdrag van Frederik III, keurvors van Paltz) wat nie in ooreenstemming met die Augsburg Konfessie is nie, te gebruik en die dwaalleer van Calvinisme in sy gebied in te voer.

Verder beveel die keiser dat dit alles laat vaar moet word, dat Calvinistiese dosente en predikante uit die Paltz verwyder moet word, dat sekere kloosters aan die Rooms-Katolieke Kerk teruggegee moet word en dat die keurvors moet belowe om by die Vrede van Augsburg van 1555 te bly en dat hy homself as 'n getroue Lutheraan moet bewys. Indien, sluit die keiser af, die keurvors van die Palts weier om hom na hierdie eise te skik, moet hy hom voorberei om uit die vrede van die ryk uitgesluit te word.

Nadat hy dit voorgelees het, beweeg die vise-kanselier na sy stoel, en alle oë word op Frederik gerig. Hertog Christoffel kan nie 'n grynsaggie bedwing nie. Sy briewe en vergaderings met die keiser het geslaag. Laat Frederik nou probeer om die keiserlike dekrete te ontvlug!

Die keurvors Frederik staan in die middel van die saal toonoor die keiser. Langs hom staan sy seun Casmir, met die keurvors se Bybel in sy hand...

“U keiserlike majesteit,” begin Frederik, “ek gaan voort onder die oortuiging wat ek aan u bekend gemaak het voordat ek persoonlik hierheen gekom het, dat ek in geloofs- en gewetensake net een Here, wat Here van alle here en Koning van alle konings is, erken. Daarom sê ek dis nie 'n saak van die vlees nie, maar van 'n mens se siel en sy verlossing wat ek van my Here en Verlosser, Jesus Christus, ontvang het. Ek is daartoe verplig om Sy waarheid te bewaak.

“Wat Calvinisme betref, kan ek met God en my Christelike gewete as getuies sê dat ek Calvyn se boeke nie gelees het nie sodat ek min weet van wat met Calvinisme bedoel word. Wat my kategismus egter leer, dit bely ek. Hierdie kategismus het op sy bladsye soveel oorfloedige bewyse uit die Heilige Skrif dat dit onweerlegbaar deur mense sal bly en ook my onweerlegbare geloof sal bly.

“Wat die Augsburg Konfessie betref, weet u, Majesteit dat ek dit goedertrou te Naumberg onderteken het, en ek bly getrou aan daardie ondertekening. Verder troos ek my hiermee dat my Here en Verlosser, Jesus Christus, my en al sy gelowiges belowe het dat wat ons ook al om Sy Naam ontwil hier op aarde verloor, honderdvoudiglik aan ons vergoed sal word in die lewe wat voorlê. En hiermee onderwerp ek my aan die genadige oordeel van u keiserlike Majesteit.”

(Aangehaal uit die boekie, Drie mans kom in Heidelberg aan en 'n Roemryke Ketter, deur Thea B. Van Halsema en vertaal deur Marie Bosman en Esther Visser, 2006. p.33-35)

Belydenis uit Heidelberg.

Die keiser Maximiliaan
sit groot getroon, belangrik, aan
die saal se bopunt - sy gevolg
kyk skerp veroordelend, verbolg’*
op hom wat sonder skroom daar staan,
voor keiser Maximiliaan.

Wie durf die grote keiser leer?
Wie durf voor hom sy woord te weer?
Die doodsgevaar-dekreet uitdaag
met nederig’ belyd’nis-krag?
“Waar ek ook sit en kom en keer,
erken ek slegs net die één Heer!”

Die Paltse keurvors, Frederik -
Hy weet en glo: "...die mense wik,
maar dié is nie 'n saak van vlees -
dit is 'n saak van siel en gees.
Dis God alleen wat Al-beskik!"
bely die keurvors, Frederik.

"Wat ons om Sy ontwil verloor
sal honderdvoud en oor en oor
vergoed word in ons lewe hierna -
meer as wat ons ooit dink te vra."
So, onweerlegbaar, ongestoord
staan hy by God se Bybelwoord.

Mag ook óns nageslagte-skaar
die suiwer leer en Woord bewaar,
die antwoord' uit die Bybel leer
om sonder vrees en ongesteur
voor konings, keisers, te verklaar -
soos vrome Fred'rik dié dag, daar...

© Stienie

(*Verbolge = hatig)

* *

Getuiggenoot.

(John Knox, aan sy vriend wat hom aan die
Protestantse leer bekend gestel het.)

Toe ek nog in 'n worstel-war was,
In die roomse slyk versink
Het jy, getuig-genoot, my saggies,
Waarheidswoorde in laat drink.

Hoe het jy nie, elk dag, op pad,
langs etenstafels, in die nag,
die soete lewensdruppels, troos,
vir my gevoer, tot wederkrag.

My vriend, getuig-genoot, my swaard
was steeds gereed, jou uit te red.
Maar jy toon my 'n beter swaard -
tweesnydend tussen puur en smet.

George Wishart, dissident soos ek,
Hoe seer my hart, hoe groot gemis...
Want haat het jou getuienis
in vlammedood uit probeer wis...

Jy vriend, het my vooruitgegaan.
Maar eendag sal 'k weer langs jou staan.
Tot dan sal ek getuig, genoot,
Hoe groot is God's genade-woord...!

© Stienie

* * * * *

Erediens in feeskleding

Henria Stolper (Oorgeneem uit Kompas, Jaargang 35(7) Julie 2024)

Lofprysing en aanbidding, spreek in tale, gebedsgenesings, getuienisse, oorverdowende musiek, bewegende liggame, opgehewe hande en luidkeelse halleluja's, dit alles vind ons by die sogenaamde charismatiese kerke. Beslis opwindend, of nie?

Op die oog af lyk ons Gereformeerde eredienste maar taamlik vervelig. Daar is deurentyd slegs een man aan die woord. Die gemeente kry af en toe 'n bietjie kans om deel te neem, heel stemmig onder leiding van 'n orrelis. Voorspelbaar en meestal volgens vaste orde. Beslis eentonig, of nie?

Erediens

Die woord *erediens* is 'n pragtige beskrywing van dit wat eintlik Sondae in ons kerkgebou plaasvind. God se volk kom saam om die Here te eer en Hom te dien deur gebede, sang en rituele handelinge. Dit is 'n openbare godsdiensoefening waartydens elke faset van die liturgie (die inrigting van die erediens) betekenis het.

Ons eredienste volg die patroon van sinagoge samekomste, wat die tempeldiens, soos deur God self ingestel, gereflekteer het. Tydens Jesus se omwandeling op aarde het hy op die Sabbat die sinagoge besoek (Mat. 4:23; 13:54; Joh. 18:20). In die sinagoge het vyf handelinge plaasgevind, te wete die opsê van die Shema (Deut. 6:4-9), die Tefillah (gebed), die priesterlike seën, lesing uit die Torah (vyf boeke van Moses) en 'n lesing uit die profete.

Jesus het in Nasaret se sinagoge opgestaan om uit Jesaja te lees en daarna het Hy van daaruit onderrig gegee (Luk. 4:16,20) soos wat ons predikante vandag steeds doen. Tydens die laaste pasgamaaltyd het Jesus volgens gewoonte, saam met sy dissipels die Hallel (Ps 113-118) gesing en God geprys (Mat. 26:30). Christus het sy kerk ook bevel gegee om te sing (Kol. 3:16).

Gereformeerde eredienste dra die karakter van 'n **verbondsgesprek**. Die predikant spreek die seën namens God uit en die gemeente antwoord met sang. Nadat die wet voorgehou is, en ook na die Skriflesing, reageer die gemeente opnuut met die sing van 'n psalm. Die prediking word vervolgens deur gebed en sang beantwoord. Eweso is die kollekte 'n dankbare antwoord van God se bondsvolk.

God se gemeente kom Sondae saam om Hom te dien en wel op ordelike wyse (1 Kor. 14:33,40). God se kinders verskyn daar saam voor God se aangesig in 'n plek wat daarvoor toeberei is. Die kerkgebou word tereg die huis van God genoem waar gelowiges byeen kom om na Sy stem te luister (Pred. 4:17). Dit is nie 'n heilige gebou nie, maar 'n bouwerk wat aan heilige dinge toegewy is. Die kerkgebou staan in die teken van diens aan God en sy heiligheid.

In 1 Kor. 1:2 noem Paulus die gemeente van God "geheiliges in Christus Jesus, die geroepe heiliges". Kan daar 'n mooier benaming bedink word? In 1 Kor. 12:12-13 sê die Here dat die gemeente deur een Gees tot een liggaam gedoop is. Wat 'n vreugde! Hy verbind mense aan Homself en aan mekaar. In Kol. 1:13-14 lees ons dat dié mense verlore kinders is, bevry van die heerskappy van Satan en die dood.

Geen wonder dat die Skrif ons oproep om God in dankbaarheid, voluit te prys:

"Dien die HERE met blydskap; kom voor sy aangesig met gejubel" (Ps. 100:2).

"Alle volke, klap met die hande; juig tot eer van God met 'n stem van gejubel ... Psalmsing tot eer van God, psalmsing! Psalmsing tot eer van ons Koning, psalmsing!" (Ps. 47:2,7).

"Só sal ek U prys my lewe lank, in U Naam my hande ophef" (Ps. 63:5).

"HALLELUJA! Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied, sy lof in die vergadering van die gunsgenote! Laat Israel hom verheug in sy Maker; laat die kinders van Sion juig oor hulle Koning! Laat hulle sy Naam loof in koordans, Hom psalmsing met tamboeryn en siter." (Ps. 149:1-3).

Dit klink soos feesvreugde, nie waar nie? Wat is daarvan sigbaar wanneer ons Sondae voor God se aangesig verskyn?

Dit is opvallend hoeveel keer die HERE Sy volk in die Ou Testament opgeroep het om vrolik voor Sy aangesig te wees. Die Israeliete moes drie keer per jaar opgaan om by die heilighedom fees te vier. Daarvoor het die HERE egter wel duidelike bepalings neergelê. Nie slegs die priesters en Leviëte moes rein wees en spesiale klere dra nie, maar elkeen van die volk moes spesifieke voorbereidings tref om voor God se aangesig te kan verskyn.

In die Nuwe Testamentiese bedeling waarin ons erediens hou, geld die bepalinge met betrekking tot reiniging en klere drag nie meer nie. Die Here gee ons die vryheid om, in verantwoording voor Hom, self keuses in die verband te maak. Tog het ons met dieselfde God te doen en is **beginsels** wat in dié tyd gegeld het, steeds ter sake in ons besluitneming. Dis wat die apostel Petrus ook aan ons voorhou as hy die woorde uit Levitikus 11:44-45 in sy eerste brief herhaal: "Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: "Wees heilig, want Ek is heilig." (1 Petr. 1:15-16).

Beklee en ontklee

Direk na die sondeval het God klere vir Adam en Mannin gemaak. As gevolg van die sonde was die mensepaar skaam vir God en vir mekaar. Die funksie van klere, soos deur die HERE se genade bepaal, is bedekking van ons naaktheid. Deur deeglike bekleding van ons liggame eer ons dus die Here Wie die norme daarvoor vasgestel het.

In die samelewing waarin ons tans lewe geld egter teenoorgestelde reëls naamlik: hoe naakter, hoe mooier. Uitsers stywe klere wat alle kurwes ten toon stel, super kort broekies, rokkies en hempies wat die naeltjie vertoon is in die mode, om nie eers van die skrapse 'bietjiekini's' te praat nie. Vanweë die seksuele rewolusie en vermaaklikheidsindustrie skep

klere-ontwerpers deesdae bewustelik klere wat Bybelse norme teëstaan en vroue tot lusobjekte verlaag. Deur klem op sensuele kledingstyl te plaas, gaan dit nie langer oor bekleding nie, maar ontkleding.

Vandag is die spreekwoord: klere maak die man, baie relevant, want klere 'praat'. Ons klere kommunikeer iets en ander beoordeel dit wat hulle sien. Die vroulike geslag is deeglik bewus daarvan. Hulle wil graag bekyk word en aanloklik lyk. Mans geniet die prikkels wat 'sexy' vrouens veroorsaak en reageer daarop. Vir Christen mans wat 'n verbond met hulle oë gesluit het, is dit egter 'n daaglikse stryd om in hierdie samelewing werklik rein te bly.

Die Here se funksionele rokke van vel het in die Westerse samelewing plek gemaak vir gala, formele, professionele, semiformele en informele drag. Klere-ontwerp het algaande tot kunsvorm ontwikkel wat geniet kan word. Selfs iemand soos Calvyn het die vreugde wat met mooi klere geassosieer word, as 'n geskenk van God beskou. Hoewel die samespel van kleure en vorm – die sierlikheid - hom tot blydschap en dankbaarheid geïnspireer het, het hy tog tot soberheid gemaan.

Kerkklere

'n Erediens is 'n ontmoeting met die Koning van die Kerk. Daarom moet ons God behaag deur 'n kledingstyl wat God se heiligheid erken en teen wêreldgelykvormigheid waak. Die klere wat ons kerk toe dra, is 'n uiting van ons eerbied vir God. Hoe jy aantrek weerspieël hoe ernstig jy die erediens en ontmoeting met God opneem. Indien jy 'n ontmoeting met 'n aardse koning, president of moontlike werkgewer het, dra jy jou beste klere as teken van respek of om 'n bepaalde indruk te maak. Insgelyks behoort ons klerestyl die HERE te eer!

Ons kerkkleding moet nie slegs diensbaar aan God wees nie, maar ook aan ons medegelowiges. Tereg het Luther by 1 Kor. 9:19 kommentaar gelewer dat 'n Christen 'n diensvaardige knecht van en onderworpe aan almal moet wees. Dit gaan oor liefde. Gelowiges moet mekaar ook in hul kledingstyl dien, stig en opbou en nie afstoot nie, maar juis aantrek. Klere wat aanstoot gee, getuig van liefdeloosheid teenoor die mede-erfgename van God se genade. Wêreldse klere kan broers en susters laat stuikel en tot ergernis lei. Ontbloting kan medegelowiges kwes of hul aandag van God en die lof aan Hom, aflei.

Daarteenoor hoef kerkmense nie outyds te lyk nie; 'n eietydse invulling volgens God se norme is gepas. Christene besoek die erediens in skoon, netjiese, en stylvolle klere. Uitdagende, spoggerige of revolusionêre klere getuig van 'n verkeerde ingesteldheid. Die Here sien die hart; "Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegterry en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God" (1 Petr. 3:3-4).

Ons kleredrag getuig van ons liefde vir Christus en Sy kerk, die gemeente van God. Hy het Homself ontklee (ontledig) deur mens te word en vervolgens nakend aan 'n kruis gehang om ons vir ewig te bekleed. As kinders van dié liefdevolle HERE het ons nie 'n houding van ek-sal-self-besluit- wat-ek-aantrek nie. Ons laat ons lei deur God se norme vir naaktheidsbedekking, ons stig medegelowiges met ons klere, ons stel 'n goeie voorbeeld van eerbied vir die 'kleintjies' en ons is beskeie, omdat ons onself met Christus bekleed het (Gal.3:26).

Feeskleding

Met dié gesindheid kan ons uitsien na die feesklere – wit gewas in Christus se bloed - wat ons eendag mag aantrek (Openb. 3:5,18; 7:14). Jesus Christus het die skande van ons naaktheid met Sy volkome heiligheid oordek. Daarom mag ons nou reeds weekliks in Sy teenwoordigheid feesvreugde beleef en met verlange uitsien na die volmaakte erediens – 'n ewige ontmoeting met Hom.

Vrae om oor na te dink:

- Watter feesvreugde vertoon ons wanneer ons Sondae voor God se aangesig verskyn?
- Gedurende die afgelope jare was dit veral kleredrag en rook op die kerkterrein waaraan medegelowiges aanstoot geneem het. Op watter wyse moet dié probleem hanteer word.

Opmerking

Hierdie artikel handel hoofsaaklik oor die vrou se kleredrag, maar die man se kleredrag kan net so aanstoot gee as hy so los aantrek, sy hemp se knope nie eers tot bo vasgemaak is nie. Dan lyk dit glad nie of hy feesklere aan het waarin hy die Koning van die konings in die erediens gaan ontmoet nie en waarvoor ons kleredrag ook moet getuig van respek vir God en dat dit tot Sy se eer is. Ons kan minagtend na charismate se losse kerkdrag verwys, maar veral onder ons gereformeerde jeug lyk dit dikwels nie anders nie. Wêreldgelykvormigheid (Rom 12:1, 2) is nie tot geestesingesteldheid beperk nie. "*Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens.. En word nie aan hierdie wêreld gelykformig nie, maar word verander deur die vernuwning van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.*" Ons liggame is immers tempels van God.

In die Ou Testament kon die hoëpriester nie met enige klere die HERE in die allerheiligste gaan ontmoet nie. Daar is spesiale feesklere voorgeskryf om respek en eer aan God te gee. Dan alleen kan hy sonder doodsgevaar tot die HERE nader wanneer hy volkome volgens goddelike voorskrif geklee was (Bybelse Ensiklopedie, Ex 28:43).

Gee aan die HERE, o geslagte van die volke, gee aan die HERE die eer en sterkte. Gee aan die HERE die eer van sy Naam, bring offers en kom in sy voorhowe. Aanbid die HERE in heilige gewaad; beef voor sy aangesig, o ganse aarde! (Ps 96:7-9) Die 'heilige gewaad' is wel simbolies die gesteldheid van die bidder, maar, soos telkens in die Bybel word die beeld beskrywing van die geestelike. Net soos die sak-en-as beeld is van die berou van die sondaar. Dit

is sekerlik vir ons 'n aanduiding in die Bybel dat kleredrag vir God belangrik is en dat dit ook van ons gesindheid getuig. Die kleredrag is nie die lof of berou nie maar weerspieël tog die gesindheid en ingesteldheid van die kerkganger.

As die kerkgebou netjies moet wees moet die kerk nl. die gelowiges ook netjies, kuis en gepas gekleed wees om die Koning van die Kerk in die erediens te ontmoet.

* * * * *

- Byvoeging - wat by Julie Dordt-Nuus agterweë gebly het:

Grepe uit die kerkgeskiedenis (Julie 2024)

Geref. Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder

Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis

Die "National Scouts" gemeentes (was streng gesproke nie regtig Kruisgemeentes nie - maar ds S.J. du Toit het hulle ook bedien)

'n Klomp van die "Scouts" of "Joiners" is later in verskillende Gereformeerde Kerke in Transvaal opgeneem, as sou hulle opregte Kruiskerk lidmate gewees het, sonder dat hulle berou betoon het oor hulle optrede tydens die Tweede Vryheids Oorlog. Dit is volgens ons nie die regte ding gewees nie want daardeur is die tug van 'n ware kerk (NGB art.29) nie toegepas nie en die verkeerde gesindheid is in die Gereformeerde Kerke ingedra waarvan ons o.a. vandag nog die vrugte dra.

* * * * *

Iets oor Bybelvertaling en vertalers

Opening van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Burgersdorp (29 November 1869)

Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in SA in 1859 was die vrug van 'n krisis op kulturele, politieke, sosiale en godsdienstige gebied wat die geskiedenis teen die middel van die vorige eeu oorheers het. Tot 1864 is die hoop gekoester dat predikante uit die konserwatiewe Christelike Gereformeerde Kerk van Nederland, self die vrug van 'n krisis in 1834, bekom sou word. Toe slegs



Die teologiese skool klasse is begin in die buitegeboue van prof Lion Cachet se pastorie.

twee predikante na herhaalde beroepe gehoor gegee het, het die herderlose kerkraad van Burgersdorp by die Sinodes van 1866 en 1869 daarop aangedring dat daar 'n skool opgerig moet word waar predikante en onderwysers opgelei kan word. Destyds was weinig plattelandse Afrikaanse kinders op skool of langer as ses maande deur rondgaande onderwysers onderrig. Daar was weerstand teen die verengelsende en neutrale Koloniale staatskole. In die Republiek was feitlik nog geen skole nie. Ter wille van die behoud van die Gereformeerde en Afrikaanse identiteit, het die Sinode van 1869 die voorstel van Burgersdorp aanvaar waarin hulle beloof het om 'n tweede predikant (ds. Jan Lion Cachet), naas ds. D.

Postma, te beroep en te bekostig, sodat 'n teologiese skool vir die opleiding van predikante en onderwysers opgerig kan word. So het onder belangstelling van afgevaardigdes uit die Republiek die skool feestelik van 26 tot 29 November sonder enige staatsteun tot stand gekom. Die mense het uit hulle karige bronne, met feitlik geen "studente" wat enige vooropleiding geniet het nie, die hand aan die ploeg geslaan vir die behoud van die Afrikaanse kultuur en godsiens. Die geloofsdaad is dan ook geseë, sodat die Teologiese Skool van 1869 tot 1905 'n magtige faktor was in die Afrikaanse volkswording, omdat dit reeds in besit was van en 'n band tussen Afrikaners in drie afsonderlike state gelê het. Die roepingsbewustheid en wil om self te voorsien onder eenvoudige mense soos die kerkraad van Burgersdorp, het verseker dat die ontwikkeling van die Gereformeerde Kerk in SA nie op die weg van "verhollandsing" nie, maar van "verafrikaansing", sou voortgaan, soos net die toonaangewende rol wat studente en dosente van die skool in die Eerste en Tweede Afrikaanse Taalbeweging gespeel het, aantoon.